higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N430**(A)**(N12)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6

(20060116)

12 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOëR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Wanneer ’n kind vreemde voorwerpe eet	A	algemene praktisyn
1.1.2	Bepaal of 'n kind skoolgereed is	B	smaakpersepsie
1.1.3	Ontvang stimuli deur die tong	C	PIKA
1.1.4	Kenmerk wat kinders help om nie tou op te gooi nie	D	voetsool ('grassroots')
1.1.5	Vaardigheid wat in gevoel-en-kenniseenheid ('sensing and knowing unit') geleer word	E	gemengde dominansie
1.1.6	Verbeter grootspier-ontwikkeling	F	psigiater
1.1.7	NRO wat deur die ETDP SETA geakkrediteer is	G	uithouvermoë
1.1.8	Struikelblok tot suksesvolle leer	H	taspersepsie
1.1.9	Stimulering van 'n mens se privaat dele	I	punteneurige eters met fiemies
1.1.10	NRO wat in 1972 gestig is	J	masturbasie
		K	bordspeletjies
		L	identifisering van relatiewe gewig
		M	ELRU
		N	selfwaarneming
		O	sport

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stelling indien dit ONWAAR is.

1.2.1 Kinders ontwikkel fyn motoriese vaardighede die beste wanneer hulle op 'n horisontale oppervlak werk.

1.2.2 'n Arbeidsterapeut hanteer emosionele probleme wat kinders ervaar.

1.2.3 Die vorming-en-verwantskapseenheid ('shaping and relating unit') in die Matal-onderrigmetode fokus op ruimtelike eienskappe van voorwerpe.

1.2.4 Teen die ouderdom van 5 jaar behoort 'n kind 'n liniaal op 'n gepaste manier as 'n meetinstrument te kan gebruik.

1.2.5 Die kook-aktiwiteit is die beste geskik vir die sortering-en-klassifiseringseenheid.

1.2.6 Dit is belangrik dat kinders wat steel, die gevolge van hul optrede ervaar.

1.2.7 Die meeste probleme wat kinders ondervind, is stadium-spesifiek en tydelik van aard.

(10 × 1) (10)

1.3 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende stellings gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 Wanneer ouers masturbasie hanteer, moet hulle …

A afskriktaktiek vermy.
B die kwessie met 'n psigiater bespreek.
C die kind teregwys.

1.3.2 Die denkbeeldige lyn wat die liggaam in linker- en regterhelftes verdeel, staan bekend as die ... -lyn.

A medium
B mid-
C middel

1.3.3 Gravitasie-onsekerheid verwys na 'n reaksie wat betrekking het op …

A proe en aanraking.
B postuur en koördinasievaardighede.
C klank en reuk.

1.3.4 'n Mens se vermoë om te onthou wat die oë sien, staan bekend as visuele …

A geheue.
B diskriminasie.
C verbetering.

1.3.5 'n Eenvoudige, geslote lyn ...

A is 'n lyn met twee eindpunte.
B toon moontlike beweging in twee rigtings.
C begin en eindig by dieselfde punt.

1.3.6 Olfaktoriese persepsie verwys na die waarneming en interpretasie van inligting wat ontvang word deur die sintuig van …

A tas.
B ruik.
C proe.

1.3.7 'n Universele stel verwys na 'n …

A algemene en inklusiewe stel.
B stel met geen lede.
C stel wat nie in kleiner stelle verdeel kan word nie.

1.3.8 Aktiwiteite soos om boontjiesakkies op te tel, …

A verbeter persepsie van taalvaardighede.
B verlaag posturale spierkrag.
C verhoog posturale spierkrag.

1.3.9 'n Aktiwiteit wat grootspier-ontwikkeling bevorder, is …

A om blare in die tuin bymekaar te hark.
B om strooitjies te sny en papier te snipper.
C om na stories op 'n CD te luister.

1.3.10 'n Aktiwiteit wat ruimtelike oriëntasie bevorder, is om…

A hardop vir studente te lees.
B deur 'n kartonbuis te loer.
C 'n kind toe te laat om verskillende posisies te demonstreer.

(10 × 2) (20)


1.4 Bestudeer die volgende prente en dui aan watter vaardigheid deur elke aktiwiteit ontwikkel word. Skryf slegs EEN vaardigheid per prent neer.

1.4.1



Loop op 'n balanseerbalk

1.4.2




Soek die verskil

1.4.3




Modelleer speelklei

1.4.4



Speel eenbeentjie

1.4.5



Doolhofaktiwiteite

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Deur 'n kind se disrespek te ignoreer, waarborg jy dat dit gaan voortduur.
Fred G. Gosman

Die handhawing van dissipline is noodsaaklik in kleinkindontwikkeling.

Noem en verduidelik VYF metodes om wangedrag te hanteer. (5 × 3) (15)

2.2 Woede-aanvalle kan dalk pret wees, maar dit los selde die probleem op wat dit aanvanklik veroorsaak het. – Daniel Handler

2.2.1 Identifiseer VYF redes waarom kinders woede-aanvalle ('power tantrums') beleef. (5)

2.2.2 Noem VYF strategieë wat ouers en educare-opvoeders kan gebruik om woede-aanvalle te hanteer. (5)

2.3 Omskryf elk van die volgende terme:

2.3.1 Skuheid

2.3.2 Jaloesie

2.3.3 Fobie

2.3.4 Anorexia

2.3.5 Steel

(5 × 2) (10)

2.4 Nagtelike enurese of bednatmaak is 'n algemene probleem wat 5 tot 6 miljoen kinders affekteer.

2.4.1 Noem VYF oorsake van bednatmaak. (5)

2.4.2 Verduidelik VYF behandelingsmetodes wat versorgers kan gebruik om bednatmaak te hanteer. (5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 Jou kinders is spirituele wesens wat deur jou ontstaan, nie vir jou nie.
Wayne Dyer

Die Montessori-onderwyser word 'n direktrise genoem.

Noem VYF sleutelgedragswyses wat 'n Montessori-onderwyser gebruik om 'n kindgesentreerde benadering te implementeer. (5)

3.2 'n Sleutelkonsep van die Montessori-filosofie is outo-onderrig of selfonderrig.

Noem VYF voordele van hierdie konsep in kleinkindontwikkeling. (5)

3.3 Noem VYF maniere waarop die Montessori-onderwyser van die tradisionele onderwyser verskil. (5 × 2) (10)

3.4 Noem VYF dienste wat deur die ELRU gelewer word. (5)

3.5 Die Matal-onderrigmetode plaas die klem op uitstappies.

Verduidelik VYF voordele van uitstappies. (5 × 2) (10)

3.6 Eenheid 1 van die Matal-program handel oor die waarneming van die wêreld om ons.

Noem die VYF komponente wat gebruik word om voorwerpe in hierdie eenheid waar te neem. (5)

3.7 Verduidelik VYF uitdagings waarvoor die kleinkindontwikkeling-sektor in Suid-Afrika te staan kom. (5 × 2) (10)
[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 'Emotional environments impact on brain chemistry and development – little brains need to feel safe, secure and loved.'

[Bron: *https://za.pinterest.com*]

Noem VYF tekens dat 'n kind nie skoolgereed is nie. (5 × 2) (10)

4.2 Omskryf elkeen van die volgende:

4.2.1 Fyn motoriese vaardighede

4.2.2 Liggaamlike bewustheid

4.2.3 Visuele persepsie

4.2.4 Lateraliteit

4.2.5 Skoolvolwassenheid

(5 × 2) (10)

4.3 Die verwerwing van taal is een van die merkwaardige prestasies van die kleinkindstadium. Dit word op 'n tweeledige manier bereik: aktiewe taalontwikkeling en passiewe taalontwikkeling.

4.3.1 Verduidelik die verskil tussen *aktiewe taalontwikkeling* en *passiewe taalontwikkeling*. (2 × 2) (4)

4.3.2 Noem DRIE aktiwiteite wat aktiewe taalontwikkeling bevorder, en DRIE aktiwiteite wat passiewe taalontwikkeling bevorder. (3 × 2) (6)

4.4 4.4.1 Verduidelik die wiskundige konsep van *datahantering*. (2)

4.4.2 Identifiseer VIER grafiesevo2orstelling-aktiwiteite wat voorskoolse kinders behoort te ken. (4 × 2) (8)

4.5 Noem DRIE voordele wat kinders ervaar wanneer hulle die konsep van patrone verstaan. (3 × 2) (6)

4.6 Vormherkenning help met die leesproses.

Identifiseer TWEE oefeninge wat vormherkenning bevorder. (2 ×2) (4)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou